SENTRUM VAN UITNEMENDHEID: LANDELIKE VEILIGHEID

Riglyn vir politieke party toegang.

Bestuur van politieke party aktiwiteite en toegang tot plase.

Riglyne vir AgriSA-lede en plaaseienaars met die oog op die plaaslikeregeringsverkiesing van 4 November 2026.



AgriSA™

AgriCulture™
SOUTH AFRICA / SUID-AFRIKA

Inhoud.

1 Doel 3

2 Toepassingsgebied 3

3 Regsraamwerk 4

3.1 Toegang tot private landbou-eiendom 4

3.2 Plaaswerkers se kiesregte 5

3.3 Die Verkiesingsgedragskode 5

4 Rolle en verantwoordelikhede 6

5 Prosedure vir die bestuur van politieke besoeke en toegangsversoeke 7

6 Kitsverwysingsgids 9

7 Dokumentasie en verslagdoening 10

8 Kommunikasieprotokol 11

9 Verwysings 12

1 Doel.

In die aanloop tot die plaaslike regeringsverkiesing van 4 November 2026 kan politieke partye toegang tot plase versoek om met plaaswerkers in gesprek te tree.

Hierdie riglyn bied aan AgriSA-lede praktiese wenke om sodanige besoeke te bestuur, private eiendomsreg te beskerm, werkers se politieke regte te eerbiedig en onregmatige of intimiderende optrede aan te meld.

2 Toepassingsgebied.

Hierdie voorgestelde werkswyse is van toepassing op AgriSA-lede, plaaseienaars, plaasbestuurders en personeel wat by landelike veiligheid betrekke is.

Dit geld wanneer verteenwoordigers of kandidate van politieke partye:

- toegang tot private landbou-eiendom versoek;
- stemwerwing doen; of
- politieke druk op 'n plaaseienaar of okkupeerder uitoefen.

4
NOV 2026

VERKIESINGSDAG

Plaaslike regeringsverkiesing.

Verkiesingsdag is 'n openbare vakansiedag ingevolge die Wet op Openbare Vakansiedae 36 van 1994. Stemgeregtigde werkers moet die geleentheid kry om te stem.

3 Regsraamwerk.

Die volgende is 'n opsomming van die toepaslike regsposisie. Lede behoort AgriSA of 'n regsadviseur te raadpleeg vir leiding oor spesifieke omstandighede.

3.1 Toegang tot private landbou-eiendom.

Plaaseienaars en wettige okkupeerders het die reg om toegang tot private landbou-eiendom te beheer. Dit sluit die reg in om:

- Vooraf toestemming of 'n afspraak te vereis voordat iemand die eiendom betree.
- Besoekers se identiteit en die doel van hul besoek te bevestig.
- Redelike voorwaardes oor veiligheid, sekuriteit, biosekuriteit, tydsberekening en beweging op die eiendom te stel.
- Toegang te weier indien geen wettige toegangsreg bestaan nie.

Verteenwoordigers van politieke partye het **nie 'n algemene reg om 'n plaas vir stemwerwing te betree nie.** Ingevolge klousule 4.3 van die AgriSA-protokol vir Plaastoegang mag toegang vir verkiesingsveldtogte slegs in hoogs uitsonderlike gevalle, deur uitdruklike reëling met die eienaar of persoon in beheer en onderhewig aan voorwaardes, toegestaan word.

Statutêre regte bly van krag.

Dit doen nie afbreuk aan okkupeerders se statutêre regte ingevolge ESTA om bona fide-besoekers te ontvang of aan wettige toegang deur die Verkiesingskommissie (OVK) nie. Persone wat die plaas sonder toestemming, of 'n ander toegangsreg betree, kan hulle ingevolge die Wet op Oortreding 6 van 1959 aan onregmatige betreding skuldig maak.

3. REGSRAAMWERK, VERVOLG

3.2 Plaaswerkers se kiesregte.

Plaaswerkers geniet grondwetlike regte op vryheid van uitdrukking en assosiasie; stemgeregtigde persone het ook kiesregte. 'n Plaaseienaar mag werkers nie verhinder om:

- **Op verkiesingsdag te stem nie** (4 November 2026, 'n openbare vakansiedag ingevolge die Wet op Openbare Vakansiedae 36 van 1994). Werknemers wat noodsaaklike dienste verrig, moet 'n redelike geleentheid kry om te stem, met afwisselende reëlings waar nodig.
- Politieke menings te huldig of by politieke partye aan te sluit nie.
- In hul eie tyd politieke vergaderings of geleenthede by te woon nie, onderhewig aan wettige toegangsreëlings.

Georganiseerde verkiesingsveldtogte en die gebruik van plaasgeriewe en -hulpbronne vir partypolitieke bedrywighede kan gedurende werksure beperk word. Redelike werkplekreëls wat polities neutraal toegepas word, kan die gebruik van veldtogmateriaal en die dra van politieke kleredrag reguleer, met inagneming van bedryfsvereistes, veiligheid en kleredragvoorskrifte. Gewone private gesprekke oor politieke aangeleenthede behoort egter nie sonder meer as wangedrag beskou te word nie. Werknemers se reg om hul politieke menings vryelik in hul eie huise en gedurende hul vrye tyd uit te spreek, bly beskerm.

3.3 Die Verkiesingsgedragskode.

Politieke partye, kandidate en hul verteenwoordigers moet die Verkiesingsgedragskode nakom. Die kode verbied onder meer:

- Intimidasie van enige persoon.
- Misbruik van 'n mags- of bevoorregte posisie om 'n verkiesingsuitslag te beïnvloed.
- Taalgebruik wat geweld of dreigemente uitlok.

Dreigemente teen 'n plaaseienaar, die afdwing van toegang deur middel van 'n arbeids- of ander klagte, of intimidasie van plaaswerkers kan, na gelang van die omstandighede, 'n oortreding van die kode uitmaak.

BOETES VAN HOOGSTENS

R200 000

'n Hof kan strafmaatreëls oplê, waaronder 'n formele waarskuwing, 'n boete van hoogstens R200 000, verbeuring van 'n verkiesingsdeposito of beperkings op veldtogvoering. Persone wat aan sekere verkiesingsmisdrywe skuldig bevind word, kan ook gevangenisstraf opgelê word.

4 Rolle en **verantwoordelikhede.**

Rol	Verantwoordelikhede ingevolge hierdie protokol
Plaaseienaar / plaasbestuurder	Bestuur toegang en veiligheidsprosedures, onderhewig aan wettige toegangsregte. Dokumenteer voorvalle en meld dit op AgriSpoor aan.
Hekwag / veiligheidspersoneel	Dien as die eerste kontakpunt vir besoekende verteenwoordigers. Pas die toegangsprosedures by die plaashek toe en verwys alle toegangsversoeke en aansprake op statutêre toegangsregte na die eienaar of persoon in beheer. Geen toegang vir politieke veldtog-aktiwiteite mag sonder uitdruklike voorafgoedkeuring verleen word nie. Voorvalle kan op AgriSpoor aangemeld word.
Plaaswerkers	Behou hul politieke regte in hul eie tyd en enige statutêre reg om bona fide-besoekers te ontvang. Verwys versoeke vir veldtogtoegang na die eienaar of persoon in beheer. Meld druk by die plaasbestuurder of op AgriSpoor aan.
AgriSA se provinsiale geaffilieerde organisasie	Koördineer waar nodig met regsadviseurs, operasionele reaksiespanne en toepaslike owerhede. Bring voorvalpatrone onder die aandag van provinsiale affiliasies en AgriSA.
OVK-beamptes	Verrig gemagtigde pligte, insluitend spesiale stemming. Identiteit moet geverifieer en toegang, waar prakties moontlik, vooraf gereël word, onderhewig aan verkiesingsvereistes en redelike plaasveiligheids- en biosekuriteitsvoorwaardes. Beperk toegang tot die verkiesingsdoel; nodige kontak met kiesers tydens wettige spesiale stemming by hul huise moet moontlik gemaak word.
Politieke partyverteenwoordigers	Het geen algemene toegangsreg vir stemwerwing nie. Toegang vir veldtogvoering vereis in hoogs uitsonderlike gevalle 'n uitdruklike voorafreëling met die eienaar of persoon in beheer (Protokol vir Plaastoegang, klousule 4.3). Statutêre besoekersregte bly onaangetas. Verteenwoordigers moet hulself identifiseer, voorwaardes nakom en vertrek indien toegang wettig geweier word.

5

Prosedure vir die bestuur van **politieke besoeke en toegangsversoeke.**

1

Identifiseer die besoeker en die doel van die besoek.

Vra die besoeker se naam, organisasie of politieke party, identiteitsbewys en rede waarom toegang verlang word.

2

Bepaal of die besoeker 'n OVK-beampte of 'n politieke partyverteenwoordiger is.

Hanteer gemagtigde OVK-beamptes afsonderlik. Verifieer hul identiteit en reël toegang vooraf waar dit prakties moontlik is, sonder om wettige spesiale stemming te belemmer, onderhewig aan redelike veiligheids-, sekuriteits-, bedryfs- en biosekuriteitsvoorwaardes.

3

Moenie ongemagtigde toegang aan politieke partye toestaan nie.

Verteenwoordigers van politieke partye het nie 'n algemene reg om die eiendom vir veldtogvoering te betree nie. Die eienaar of persoon in beheer behoort toegang normaalweg te weier, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle waar daar vooraf 'n uitdruklike reëling ingevolge klousule 4.3 van die AgriSA-protokol vir Plaastoegang getref is. Enige afsonderlike statutêre toegangsreg moet eerbiedig word.

4

Kommunikeer die besluit kalm en duidelik.

Wanneer toegang geweier word, behoort u:

- Beleefd te verduidelik dat politieke stemwerwing en veldtog-aktiwiteite nie op die eiendom toegelaat word nie.
- Nie politieke veldtogmateriaal namens enige politieke party te aanvaar of te versprei nie, aangesien dit die indruk van politieke bevoordeling kan skep.
- Waar prakties moontlik, werkers se bywoning van politieke vergaderings by 'n geskikte openbare plek weg van die plaas te vergemaklik, insluitend vervoer waar moontlik, sonder om enige party te bevoordeel (Protokol vir Plaastoegang, klousules 4.1 en 4.2).
- Werkers se wettige politieke meningsuiting en assosiasie in hul eie tyd te eerbiedig, insluitend in hul huise waar van toepassing.

5. PROSEDURE, VERVOLG

5 **Moenie by politieke argumente betrokke raak of erkennings maak nie.**

Moenie die plaas se arbeidsmag, indiensnemingspraktyke of werkers se diensrekordstatus bespreek nie. Enige geldige arbeids- of immigrasieklagte behoort na die toepaslike staatsdepartement verwys te word.

6 **Teken enige dreigende, dwingende of intimiderende optrede aan.**

Teken die presiese woorde, name, datum, tyd, voertuie en getuies aan. Neem, waar dit veilig is, foto's van skriftelike materiaal wat voorgelê of agtergelaat word, selfs al is dit nie vir verspreiding aanvaar nie. Dreigemente, intimidasie of dwang kan die Verkiesingsgedragskode oortree.

7 **Eskaleer waar nodig.**

Indien verteenwoordigers weier om te vertrek, iemand dreig of die eiendom sonder toestemming betree:

- Kontak die plaaslike polisiestasie of die SAPD se landelikeveiligheidsbeampte;
- Moenie probeer om iemand fisies te verwyder nie; en
- Meld enige vermoedelike verkiesingswangedrag by die toepaslike verkiesingsowerheid aan.

8 **Meld die voorval aan en bewaar die rekord.**

Registreer die voorval op AgriSpoor of die AgriCultureSA.io-WhatsApp-kanaal en stel die provinsiale geaffilieerde organisasie onmiddellik, of binne 24 uur, in kennis. Bewaar alle stawende inligting.

Kernboodskap: wat om by die hek te sê.

"Dit is private eiendom. Ons laat nie politieke stemwerwing hier toe nie."

"Ons aanvaar of versprei nie politieke veldtogmateriaal by die hek nie. Moet asseblief niks hier agterlaat nie."

"Betreding sonder toestemming of 'n ander wettige toegangsreg kan ingevolge die Wet op Oortreding 6 van 1959 onregmatige betreding uitmaak."

"Indien u enige dreigement maak, sal ons dit by die Verkiesingshof by 051 412-7400 aanmeld. 'n Klag van intimidasie kan ook by die SAPD ingedien word."

6 Kitsverwysingsgids.

✓ Wat om te doen.	✕ Wat om te vermy.
Ontmoet partyverteenwoordigers by die hek. Verwys toegangsversoeke na die eienaar of persoon in beheer.	Moenie toegang vir veldtogvoering sonder 'n uitdruklike voorafreëling toestaan of toegang wat deur die wet vereis word, belemmer nie.
Vra na name en partyverband en teken dit aan.	Moenie by politieke debatte of argumente betrokke raak nie.
Stel u standpunt duidelik en kalm.	Moenie erkennings oor u arbeidsmag of hul status maak nie.
Moenie skriftelike materiaal by die hek aanvaar om aan werkers te oorhandig nie.	Moenie partyverteenwoordigers dreig of intimideer nie.
Eerbiedig en vergemaklik stemgeregtigde werkers se reg om te stem, insluitend gemagtigde spesiale stemming.	Moenie werkers verhinder om op verkiesingsdag (4 November 2026) te stem nie.
Dokumenteer elke interaksie met datums en tye.	Moenie op grond van politieke partyverband teen werkers diskrimineer nie.
Kontak die plaaslike polisiestasie indien onregmatige betreding voortduur.	Moenie probeer om enige persoon fisies te verwyder nie.
Registreer alle voorvalle onmiddellik op die AgriSpoor-toepassing of AgriCultureSA.io se WhatsApp-kanaal.	Moenie dreigemente van enige aard ignoreer nie.
Kontak u plaaslike polisiestasie en die SAPD se landelikeveiligheidsbeampte om dreigemente en voorvalle aan te meld.	Moenie versuim om dreigemente by die plaaslike SAPD-stasie en landelikeveiligheidsbeampte aan te meld nie.
Meld oortredings van die Verkiesingsgedragskode by die Verkiesingshof aan (051 412-7400).	Moenie aanvaar dat 'n party 'n algemene reg het om op die plaas stemme te werf, of statutêre besoekersregte ignoreer nie.

7 Dokumentasie **en verslagdoening.**

Teken elke interaksie met 'n politieke partyverteenwoordiger aan, ongeag hoe gering dit mag voorkom. Hierdie rekords kan nodig wees vir 'n strafregtelike klagte, 'n verslag aan die Verkiesingshof of ter ondersteuning van AgriSA se beleidsbeïnvloeding.

7.1 AgriSpoor-toepassing.

- Registreer alle voorvalle op die **AgriSpoor-toepassing** na afloop voorval.
- Gebruik die **aanmeldingsvorm vir onregmatige betreding** vir alle voorvalle wat deur hierdie protokol gedek word.
- Voltooi alle vereiste velde en heg beskikbare stawende inligting aan.
- AgriSpoor dien as die primêre platform waarop hierdie voorvalle aangeteken word.
- Kry hier toegang tot die platform: **app.agrispoor.io/join**

7.2 AgriCultureSA.io se WhatsApp-aanmeldingskanaal.

Waar die AgriSpoor-toepassing nie toeganklik is nie, meld die voorval via AgriCultureSA.io se WhatsApp-aanmeldingskanaal aan. Verskaf dieselfde inligting as wat u op die AgriSpoor-toepassing sou invoer. Albei kanale dra by tot dieselfde nasionale rekord op AgriCultureSA.io by.

7.3 Inligting wat aangeteken moet word.

Wanneer die voorval op AgriSpoor of WhatsApp aangemeld word, word die volgende inligting aan:

- ☑ Datum, tyd en ligging (plaasnaam, distrik en GPS-koördinate).
- ☑ Name van alle teenwoordige partyverteenwoordigers.
- ☑ Naam en registrasienommer van enige voertuig wat gebruik is.
- ☑ Politieke partyverband.
- ☑ Verklaarde doel van die besoek.
- ☑ Opsomming van wat gesê is, insluitend enige dreigemente (gebruik waar moontlik die presiese woorde).
- ☑ Foto van skriftelike materiaal wat voorgelê of agtergelaat is, ongeag of dit vir verspreiding aanvaar is.
- ☑ Name van getuies.
- ☑ Stappe wat gedoen is (byvoorbeeld toegang geweier, SAPD ontbied of by die Verkiesingshof aangemeld).

7. DOKUMENTASIE EN VERSLAGDOENING, VERVOLG

7.4 Bewaring van rekords.

Rekords op AgriCultureSA.io word op die platform bewaar. Lede behoort enige stawende foto's of skriftelike materiaal vir minstens **12 maande ná die verkiesingsdatum** te bewaar.

8 Kommunikasieprotokol.

Situasie	Kontak	Nommer / kanaal
Onregmatige betreding aan die gang; weiering om te vertrek	Plaaslike SAPD-stasie	U plaaslike stasie se nommer (hou dit byderhand)
Dreigemente of voorvalle (eerste aanmelding)	Plaaslike SAPD-stasie	U plaaslike stasie se nommer (hou dit byderhand)
Oortreding van die Verkiesingsgedragskode	Verkiesingshof	**051 412-7400**
Algemene OVK-navrae	OVK-hulplyn	**0800 11 8000**
Alle voorvalle: registreer onmiddellik	AgriSpoor-toepassing	**app.agrispoor.io/join**
Alle voorvalle: registreer onmiddellik	AgriCultureSA.io se WhatsApp-aanmeldingskanaal	**079 467 0702**
Alle voorvalle binne 24 uur	AgriSA se provinsiale geaffilieerde organisasie (u streek)	Kontakbesonderhede in u lidmaatskapkorrespondensie

Registreer elke voorval op die AgriSpoor-toepassing of AgriCultureSA.io se WhatsApp-aanmeldingskanaal sodra dit plaasvind. Meld dit ook binne 24 uur by u AgriSA-provinsiale geaffilieerde organisasie aan. Waar 'n lid die voorval regstreeks telefonies of persoonlik by die provinsiale organisasie aanmeld, registreer die organisasie dit op die AgriCultureSA.io-platform. Provinsiale organisasies is verantwoordelik om patrone van voorvalle met AgriSA te deel. Alle rekords word op AgriCultureSA.io bewaar.

9 Verwysings.

Verwysing	Dokument
Kieswet 73 van 1998	Stel die Verkiesingsgedragskode vas. Bepaal politieke partye se verpligtinge en verbode optrede.
Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesings 27 van 2000	Reguleer die verloop van plaaslike regeringsverkiesings, insluitend die stemming in November 2026.
Wet op Oortreding 6 van 1959	Verbied betreding van private grond sonder toestemming van die wettige okkupeerder.
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	Artikels 16 (vryheid van uitdrukking), 18 (vryheid van assosiasie), 19 (politieke regte), 23 (arbeidsverhoudinge), 25 (eiendomsreg) en 36 (beperking van regte).
Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997	Regte ten opsigte van openbare vakansiedae. Verkiesingsdag (4 November 2026) is as 'n openbare vakansiedag afgekondig.
AgriSA-protokol vir Plaastoegang	Bestaande AgriSA-protokol wat algemene toegang tot landbou-eiendomme reguleer. Hierdie riglyn vul die protokol aan, maar vervang dit nie.
Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997 (ESTA)	Beskerm kwalifiserende okkupeerders se reg om bona fide-besoekers op redelike tye te ontvang, onderhewig aan toepaslike voorwaardes.

info@agrisa.org.za | +27 (0) 87 711 0626

Blok D, Inkwazi Office Park
1249 Embankment Road, Centurion, Gauteng, Suid-Afrika, 0157

www.agrisa.org.za

AgriCulture™
SOUTH AFRICA / SUID-AFRIKA